
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**BESIGHEIDSTUDIES V2**

**NOVEMBER 2024**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoord op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **70** |
| | **3** | **40** | |
| | **4** | **40** | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Die leierskapstyl waar ondergeskiktes deskundiges is en volle verantwoordelikheid vir hulle aksies neem:

A Transaksioneel
B Demokraties
C Laissez-faire
D Charismaties

1.1.2 Die hoofdoelwit van 'n … is om wedersydse voordeel vir hulle lede te skep.

A vennootskap
B koöperasie
C maatskappy in staatsbesit
D private maatskappy

1.1.3 Chidere Ondernemings gebruik fynskrif om misleidende inligting te versteek wanneer hulle hulle produkte bevorder. Dit staan as …, 'n tipe onetiese sakepraktyk, bekend.

A belasting
B prysbepaling van goedere in landelike gebiede
C billike advertering
D onbillike advertering

1.1.4 Die rol van gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers is om …

A seker te maak dat beskermende klere beskikbaar is.
B veiligheidsklere aan werknemers te verskaf.
C voorgeskrewe veiligheidstoerusting te gebruik.
D toerusting gereeld in stand te hou.

1.1.5 Amajuba-spanlede implementeer … as 'n kriterium vir suksesvolle spanprestasie deur ooreen te kom oor metodes om die werk gedoen te kry, sonder om tyd te mors op konflikoplossing.

A gedeelde waardes
B kommunikasie
C samewerking
D interpersoonlike gesindhede en gedrag (5 x 2) (10)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| bonus-; beperkte; konflik; kulturele; plakkate; grief; sosiale; uitdeelstukke; onbeperkte; stigters- |

1.2.1 Visco Beperk het … aandele aan die promotors van die maatskappy uitgereik.

1.2.2 Ben het aan die begin van die aanbieding … versprei om die gehoor se aandag te trek.

1.2.3 Die aandeelhouers van Blake Bpk. het … aanspreeklikheid en kan slegs die bedrag wat hulle in die maatskappy belê het, verloor.

1.2.4 'n Meningsverskil tussen twee of meer partye by die werkplek staan as 'n … bekend.

1.2.5 Werknemers by Mawethu Handelaars mag gedurende hulle etenspouses hulle eie taal gebruik; dit bevorder hulle … reg in die werkplek. (5 x 2) (10)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Sekuriteitstelling | A laat werknemers toe om in stilte, op hulle eie, baie idees te genereer |
| 1.3.2 Aflosbare voorkeuraandele | B bestuurders moet hulle feite ken wanneer hulle met hierdie tipe persoonlikheid te doen het |
| 1.3.3 Nominale groeptegniek | C besigheidsbesluite moet vir alle belanghebbendes duidelik wees |
| 1.3.4 Aanspreeklikheid | D op die beginsel van indemnifikasie gebaseer |
| 1.3.5 Kundige | E kan volgens die keuse van die uitreikingsmaatskappy teruggekoop word |
| | F bestuurders moet die tyd van die bespreking beperk wanneer hulle met hierdie tipe persoonlikheid te doen het |
| | G op die beginsel van sekerheid gebaseer |
| | H laat werknemers toe om lukraak voorstelle hardop te genereer |
| | I besigheid moet verantwoordelikheid vir hulle besluite neem |
| | J kan slegs teruggekoop word wanneer die maatskappy toemaak |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Noem enige VIER tipes beleggingsgeleenthede. (4)

2.2 Beskryf kortliks die voordele van 'n maatskappy in staatsbesit. (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**AKHONA HANDELAARS (AH)**

Akhona Handelaars het voorraad ter waarde van R400 000 gekoop, maar dit vir slegs R200 000 verseker. 'n Brand het in die pakhuis ontstaan en voorraad ter waarde van R80 000 vernietig.

2.3.1 Noem die versekeringsklousule wat in die scenario hierbo op AH van toepassing is. (2)

2.3.2 Bereken die bedrag wat AH as vergoeding van die versekeraar sal ontvang. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.4 Verduidelik aspekte wat in ag geneem moet word wanneer 'n multimedia-aanbieding ontwerp word. (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**EXCLUSIVE ARGITEKTE (EA)**

Exclusive Argitekte werk in 'n mededingende omgewing en moes die ontwerpe van hulle behuisingsplanne verbeter. Die bestuur van EA verskaf emosionele ondersteuning aan werknemers deur berading sodat hulle hulle idees meer vrylik kan deel.

2.5.1 Identifiseer die leierskapteorie wat EA gebruik. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

2.5.2 Verduidelik EEN ander leierskapsteorie. (3)

2.6 Bespreek die impak van die outokratiese leierskapstyl op besighede. (6)

2.7 Beveel maniere aan waarop aanbieders op 'n nie-aggressiewe en professionele wyse terugvoering kan hanteer. (6)

**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem enige TWEE fokusareas van korporatiewe maatskaplike investering (KMI). (2)

3.2 Beskryf kortliks die verantwoordelikhede van werkers om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder. (6)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TORNADO MEUBELS (TM)**

Tornado Meubels spesialiseer in die vervaardiging van sitkamerstelle. Hulle monitor hulle werknemers uurliks om te verseker dat take betyds voltooi word. Die bestuur laat slegs sekere werknemers toe om toegang tot die besigheidsfondse te hê. TM versterk ook die spangees onder die werknemers sodat hulle verantwoordelik voel vir dit wat bereik moet word.

3.3.1 Haal TWEE maniere uit die scenario hierbo aan waarop TM die misbruik van werkstyd as 'n tipe onprofessionele sakepraktyk hanteer. (2)

3.3.2 Verduidelik ander maniere waarop TM die misbruik van werkstyd as 'n tipe onprofessionele sakepraktyk in die werkplek kan hanteer. (4)

3.4 Beveel maniere aan waarop besighede 'n omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder. (6)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MEDAL ONTWERPERS (MO)**

Medal Ontwerpers het aan Pumla die verantwoordelikheid gegee om 'n span ervare en hoogs bekwame lede te bestuur. Spanlede kan die besluitnemingsproses hanteer sonder dat Pumla oor hulle toesig hou. Hulle is ook bewus van die belangrikheid van spandinamika-teorieë om spanprestasie te verbeter.

3.5.1 Noem die stadium van spanontwikkeling wat in die scenario hierbo van toepassing is. (2)

3.5.2 Bespreek die belangrikheid van spandinamika-teorieë in die verbetering van spanprestasie. (6)

3.6 Verduidelik hoe besighede konflik in die werkplek moet hanteer. (6)

3.7 Stel maniere voor waarop besighede geslag as 'n diversiteitskwessie in die werkplek kan hanteer. (6)

**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**

**BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

4.1 Noem enige TWEE soorte verpligte versekering. (2)

4.2 Beskryf kortliks die voordele van versekering vir besighede. (6)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **ELANGE BEPERK (EB)** |
|---|
| Die bestuur van Elange Beperk het hulle toekomsplanne vir uitbreiding aan die aandeelhouers aangebied. Hulle het PowerPoint, slimpenne en blaaiborde gebruik om hulle aanbieding interessant te maak. Bestuur het ook kommentaar van die aandeelhouers in ag geneem om hulle volgende aanbieding te verbeter. |

4.3.1 Noem TWEE visuele hulpmiddele wat EB in die scenario hierbo gebruik het. (2)

4.3.2 Stel die areas van verbetering voor wat die bestuur vir hulle volgende aanbieding in ag moet neem. (4)

4.4 Verduidelik hoe kapitaal as 'n kriterium tot die sukses en/of mislukking van 'n private maatskappy kan bydra. (6)

**BESIGHEIDSROLLE**

4.5 Noem enige VIER probleemoplossingstappe. (4)

4.6 Verduidelik maniere waarop besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van werknemers te bevorder. (6)

4.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| **BARROWS HANDELAARS (BH)** |
|---|
| Barrows Handelaars verkoop fietse aan verskeie afsetpunte. Hulle behandel alle werknemers met respek, ongeag hulle sosio-ekonomiese status. Die bestuur van BH moedig oop kommunikasiekanale tussen hulle en werknemers aan. |

Identifiseer TWEE menseregte wat deur BH bevorder word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.7 te beantwoord.

| MENSEREGTE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

4.8 Beveel maniere aan waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyk deur besighede uitgevoer moet word. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (BELEGGING: SEKURITEITE)

Beleggers kan aandele bekom van maatskappye wat op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE) genoteer is. Hulle neem verskillende faktore in ag wanneer beleggingsbesluite geneem word om die beste opsie te kies. Besighede verkies om in effektetrusts te belê en hulle vergelyk ook enkelvoudige en saamgestelde rente wat deur finansiële instellings aangebied word.

Skryf 'n opstel oor beleggingsekuriteite waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE).
- Verduidelik enige VIER faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.
- Bespreek die impak van effektetrusts as 'n beleggingsvorm.
- Gee besighede raad oor die verskille tussen *enkelvoudige rente* en *saamgestelde rente*. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID EN KORPORATIEWE MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID/ KORPORATIEWE MAATSKAPLIKE INVESTERING)

Korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid en korporatiewe maatskaplike investering stel besighede in staat om aktief betrokke te wees by die projekte wat die gemeenskap positief bevoordeel. Suksesvolle besighede streef daarna om die verhouding tussen maatskaplike verantwoordelikheid en drievoudige sleutelaspekte te handhaaf en om maniere te vind om werkloosheid as 'n sosio-ekonomiese kwessie te hanteer.

Skryf 'n opstel oor maatskaplike verantwoordelikheid en korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die doel van korporatiewe maatskaplike investering (KMI).
- Bespreek die impak van korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV) op gemeenskappe.
- Verduidelik die verhouding tussen maatskaplike verantwoordelikheid en drievoudige sleutelaspekte.
- Stel maniere voor waarop besighede werkloosheid as 'n sosio-ekonomiese kwessie kan hanteer. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

Kopiereg voorbehou